# Suiderstrand Gemeenskaps-, Bewarings- en Brandbeskermingsvereniging

## VOORSITTERSVERSLAG BY ALGEMENE JAARVERGADERING OP 20 DESEMBER 2023

Die vereniging is op 7 September 2023 gestig by ’n vergadering van die 29 stigterslede. ’n Tussentydse komitee is verkies met Schalk van der Merwe as tussentydse voorsitter. Schalk het die hele ding begin: op eie houtjie ’n brandwaentjie en toerusting aangeskaf, fondse daarvoor ingesamel, die owerhede en brandweer geraadpleeg, en nog baie meer. Die insiatief vir die stigting van hierdie vereniging is Schalk s’n. Die vernaamste beweegrede vir die stigting van die vereniging was dat, as daar dalk skade aan eiendom aangerig word tydens brandbestryding, die vereniging as regspersoon aanspreeklik gehou kan word in plaas van individuele vrywilligers wat in goeie trou opgetree het. Met die stigting van die vereniging is daar besluit dat dit ook ’n platform kan wees vir onder andere bewarings-aangeleenthede, skoonmaak van die strand en dorp, verwydering van indringerplante ens. Daarom kom die Gemeenskaps-, en Bewarings- by die Brandbeskermingsvereniging.

Ek sal hier ’n beknopte opsomming gee van die sake en aktiwiteite van die vereniging. Dié wat meer besonderhede wil hê kan gerus op die webblad by suiderstrand.co.za gaan kyk, of natuurlik enige van die tussentydse komiteelede kontak.

1. **Stigtingsaktiwiteite**

   ’n Grondwet is opgestel, goedgekeur en vertaal. Die ledetal het aangegroei van die oorspronklike 29 tot 80. Ons wil hê elke lid moet ’n vorm invul om toestemming te gee dat die vereniging sy of haar erf mag betree in geval van ’n brandgevaar. Van die 80 lede het 54 al vorms ingedien; 13% van erwe het vorms ingevul; 6 nuwe lede het nog nie hulle R150 betaal nie, maar wel vorms ingegee; en 26 lede moet nog vorms ingee.

2. Die stigting, samestelling en doelstellings van die vereniging is by verskeie geleenthede aan KAM, die Agulhas Nasionale Park en SIV bekend gestel.

3. **Inligting en kommunikasie**

   ’n Inligtingsblad oor die vereniging is opgestel en ’n webblad is geskep en goedgunstelik deur Sam Beeslaar geplaas op sy suiderstrand.co.za webtuiste, onder die hofie Association. Die komitee het ’n kommunikasie-kanaal vir komiteelede op WhatsApp begin.

4. **Finansies**

   Die opening van ’n bankrekening vir die vereniging is ’n taamlike proses, en Tina du Plessis, die tussentydse tesourier, verwag dat dit binne die volgende paar dae gefinaliseer sal wees. Tans word ’n rekening in Schalk se naam gebruik (genaamd die Rooipens Wa!), en dié het ’n balans van R15 365.28. Hiervan is alles behalwe R354 slegs vir die brandwaentjie geoormerk. Hierdie geld sal in die vereniging se rekening oorbetaal word wanneer die rekening tot stand kom. Benewens die kontant in die bank het die vereniging ook ander bates ter waarde van R28 249.

5. **Brandbestryding**

   Die brandwaentjie is verbeter, padwaardig gemaak en in die naam van die vereniging geregistreer. Schalk is ons brandbeskermingsbeampte, en met sy begeesterde span word die brandwaentjie deurentyd op ’n gereedheidsgrondslag gehou. Handsae is aangekoop om te help met brandbestryding en met die uitroei van indringerplante.

6. **Bewaringsaksies**

   Komiteelede en andere het onder die leiding van Geoff Nichols by drie geleenthede op ’n georganiseerde wyse indringerplante uitgekap.

7. **Komitee**

   Die tussentydse komitee van die vereniging is by die stigtersvergadering gekies. Dit het bestaan

uit ’n voorsitter, ondervoorsitter, tesourier, sekretaris, ondersekretaris en sewe ander lede. Schalk, wat die hele projek aan die gang gesit het, het genoeg hooi op sy vurk, en is nie beskibaar vir die voorsitterskap nie, maar het ingestem om voorsitter te wees totdat daar op die eerste komiteevergadering ’n ander voorsitter verkies word. Ek het toe ingestem om tussentyds die voorsitter te wees totdat ’n voorsitter op hierdie vergadering verkies word.

**8. Komiteevergaderings**

Die komitee het sedert die stigtingsvergadering drie vergaderings gehou, waar onder andere die volgende sake bespreek is:

- KAM se beleid ten opsigte van ontbossing van erwe. Erwe is blindelings skoongemaak, en gevestigde inheemse struike en bome is voor die voet afgesny.
- Verwydering van telefoonpale.
- Noodmaatreëls en ontruimingsplan
- Advertensieborde van ontwikkelaars en eiendomsagente
- Ligbesoedeling
- ’n Embleem vir die vereniging
- Werksverdeling van komiteelede

Vir meer volledige inligting is die notules van die onderskeie vergarderings beskikbaar. Hierdie en ander sake sal verdere aandag geniet van die nuut verkose komitee.

Ons betuig almal ons dank en waardering vir die inisiatief van Schalk, wat tot die brandwaentjie en hierdie vereniging gelei het. Ek bedank ook al die komiteelede vir hulle entoesiasme vir hierdie projek.

Suiderstrand is klein; seker een van die kleinste van klein gemeenskappe. Maar dit is besonders en uniek. Ek hoop dat die aktiwiteite van hierdie vereniging die besonderse karakter van Suiderstrand verder sal uitbou en bevestig.